
Publication: Landbouweekblad

Date: Thursday, March 31, 2022

Page: 47





# Saamsmelt van boedels: Die slang in die gras…

**Boedelsamesmelting het verskeie slaggate. Ek kyk vandag na 'n paar daarvan.**

Boedelsamesmelting is waar twee persone, getroud of nie, 'n gesamentlike testament opstel wat bepaal by die dood van die eerste van hulle sal die twee se afsonderlike boedels in 'n gesamentlike boedel saamsmelt. Met so 'n saamgesmelte boedel word dan ingevolge die bepalings in die gesamentlike testament gehandel asof dit een boedel is.

Hier is 'n voorbeeld: A en B is getroud en wil hul boedel laat saamsmelt om by die dood van die eerstesterwende 'n kind uit die gesamentlike boedel (uit bates wat aan albei behoort) te bevoordeel. Die testament word só opgestel dat die kind byvoorbeeld 'n vaste eiendom erf. Die oorlewende party kry dan byvoorbeeld 'n beperkte reg, soos 'n vruggebruik, oor die eiendom.

## NIE BINDEND

Die eerste probleem is dat so 'n testament nie bindend is nie. Enigeen van die twee partye kan enige tyd, sonder om die ander oor sy of haar besluit in te lig, 'n latere, nuwe testament opstel. Die jongste testament sal die geldige een wees by daardie persoon se dood.

Selfs al is daar nie 'n latere testament nie, moet die langslewende party ná die dood van die eerstesterwende die voorwaardes in die gesamentlike testament aanvaar of verwerp.

Eers as dit aanvaar word, is die bepalings in die testament bindend.

As dit geweier word, behou die langslewende sy of haar bates, maar gee ook die voordeel prys wat hy of sy uit die saamgestelde boedel sou verkry het.

Boedelsamesmelting het dus geen sekerheid nie.

## BELASTINGSKOKKE

Die waarde van die vruggebruik wat verkry word, word by die dood van die langslewende as eiendom in sy of haar boedel opgeneem en vir boedelbelasting in berekening gebring as dit oorgaan na iemand anders – in die voorbeeld na die kind wat die eiendom geërf het. Die som word gemaak oor die waarde van die vruggebruik oor die lewensverwagting van die kind heen.

As die "eenjaarwondertegniek" gebruik word, kan boedelbelasting beperk word, maar dan gaan die vruggebruik by dood vir 'n bepaalde tydperk – gewoonlik twee jaar – eers na iemand anders, byvoorbeeld 'n trust, oor.

Dan is daar geskenkebelasting. As die waarde van die bates wat die oorlewende gade tot die saamgesmelte boedel bydra, in markwaarde meer is as die waarde van die voordeel aan die langslewende, kan Jan Taks eis dat geskenkebelasting betaal word op die verskil.

Geskenkebelasting is 20% op skenkings onder R30 miljoen en 25% daarbo.

Neem ook kapitaalwinsbelasting (KWB) in ag. Eiendom wat deur 'n langslewende in 'n boedelsamesmelting prysgegee word, sal ook aan KWB onderworpe wees.

Op die kind in die voorbeeld hierbo wag 'n KWB-skok as hy of sy die eiendom eendag van die hand sit. Omdat die kind net die blote eiendom geërf het en die ma die vruggebruik, sal die kind se basiskoste vir die berekening van KWB baie laer wees as die werklike waarde toe hy of sy dit geërf het. Die waarde van die eiendomsreg is markwaarde minus die waarde van die vruggebruik wat die ma verkry het.

Jou testament is 'n belangrike dokument. Maak seker jy verstaan elke woord daarin. Ná jou dood is dit jou naasbestaandes wat die gevolge gaan dra, nie jy nie. **LBW**

*Mnr. Nico van Gijsen is 'n gesertifiseerde finansiële beplanner, belastingpraktisyn, lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac.*

NAVRAE: Mnr. Nico van Gijsen, e-pos: **nico@finlac.com**; Twitter: **@Nicovangijsen**

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.